

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Oktober 2010



Julle is die sout vir die aarde

Lees binne...

- Kerk van die verlede of Kerk vir die toekoms? – 1
- Reggeaarde bedienaars van die Woord – 2
- Die Hervormde Kerk se poort tot Afrika – 3
- Cottesloe 50 jaar later – 6
- Die Bybel in ons eie taal – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Kerk van die verlede of Kerk vir die toekoms? (Prof Theuns Dreyer)
Verklaring deur die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding
- Bl 2 **Namens die redakteur**
Reggeaarde bedienaars van die Woord (Dr Wouter van Wyk)
- Bl 3 **Missionale bediening**
Die Hervormde Kerk se poort tot Afrika (Prof Natie van Wyk)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Erkenning vir besondere prestasie
SP Engelbrecht-museum
Doktorsgrade toegeken
SENTIK-publikasies 2011
- Bl 6 **Kerk en wêreld**
Cottesloe 50 jaar later (Dr Christo Pretorius)
Die uitdaging van brugbediening (Ds Hannes Janse van Rensburg)
- Ble 7 **Rade en komitees**
Die Bybel in ons eie taal (Ds Hennie Louw)
My verwagtinge van die AKV (Ds Lorret de Leeuw)
'n Oproep tot dissipelskap
- Agterblad **Oordenking**
God versorg ons (Ds Kobus Pienaar)

Kerk van die verlede of Kerk vir die toekoms?

Prof Theuns Dreyer, uittredende voorsitter van die Algemene Kerkvergadering (AKV), skryf dat 'n mens die huidige onderstrominge en verskillende teologiese sienings in ons Kerk in 'n sekere sin in verband kan bring met die vraag: Kerk van die verlede of Kerk vir die toekoms?

Hierdie vraag is onderliggend aan die kerklike en teologiese debatte wat tans in al die hoofstroomkerke wêreldwyd gevoer word. Die verlies aan lidmate, die opkoms van charismatiese groepe, die verskynsel van huiskerke en mense wat sê dat hulle nie die kerk nodig het om te glo nie, dwing kerke om opnuut te besin oor die vraag hoe ons in ons tyd teologies oor kerkwees moet dink.

Die een uiterste is dat sommige teoloë beweer dat die tyd van die tradisionele kerke verby is. Aan die ander uiterste is daar teoloë wat meen dat die kerk slegs kan bly voortbestaan as ons onverkort ons verstaan van kerkwees in die verlede bly handhaaf.

Net so min as wat 'n mens jou egter kan losmaak van die verlede, kan jy jou isoleer van die omstandighede van die hede en die eise van die toekoms. Ons leef binne die realiteite van die dag. Of ons nou daarvan hou of nie, dit stel aan ons nuwe vrae en bring nuwe eise na vore, maar tegelyk bied dit ook nuwe moontlikhede. Daar is 'n kontinuïteit, maar tegelyk ook 'n diskontinuïteit tussen verlede, hede en toekoms. Dit is in hierdie spanningsveld waarin ons moet lewe en kerk wees. Daarom is die vraag *kerk van die verlede of kerk van die toekoms* 'n valse teenstelling. Ons moet as kerk van die verlede, in die hede, vir die toekoms kerk wees.

Verklaring deur die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding

Die Kuratorium het op 'n vergadering op 17 Augustus 2010 kennis geneem van 'n artikel wat gepubliseer is in Koers, Leer en Lewenskewessies 78 getiteld Teologiese opleiding van die NHKA: Die toekoms. Na sorgvuldige en diepgaande bespreking wil die Kuratorium soos volg daarop reageer:

- Die kontrak tussen die Kerk en die Universiteit van Pretoria wat vroeër hierdie jaar gesluit is, is weer onder die loep geneem. Die Kuratorium is oortuig dat hierdie kontrak, wat reeds goedgekeur is, die beste geleentheid/moontlikheid bied vir die opleiding van ons predikante. Daar is niks in

die kontrak wat kan verhinder dat die Kerk, wat gekies het vir opleiding aan 'n universiteit, die predikante van die Kerk optimaal voorberei vir die bediening nie.

- Met kennisname van die totale kurrikulum en die vakinhoud is die Kuratorium oortuig dat dit die Kerk se predikante voorberei vir die eise van die bediening asook om in gesprek te kan bly met die heersende vrae van ons tyd.
- Die Kuratorium wil daarom weer eens ons waardering boekstaaf teenoor die dosente van ons Kerk en van die breë Fakulteit vir nougesette werk, dikwels onder groot druk. Hierdie werk van die dosente getuig van goeie wetenskaplike teologie wat tegelyk geloofsvormend en in gesprek is met die uitdagings van ons tyd.

Die Hervormde Kerk se poort tot Afrika

Prof Natie van Wyk, direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM), skryf dat daar ten spyte van negatiewe oordele oor die transformasieproses in ons land 'n groep mense in ons Kerk is wat die uitdra van die evangelie in die swart gemeenskappe as 'n roeping sien.

AIM bied aan die Hervormde Kerk en die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) die geleentheid om self die toekomstige predikante en sendelinge van die MRCC teologies te vorm. Vir meer as vyf dekades beskou ons hierdie onderrig as die hart van ons sendingpoging. Sou hierdie *hart* uitgeruk word, kan ons maar die hele gedagte van die *apostolaat* uit ons Kerkorde skrap. Daar sal niks anders gebeur wat noemenswaardig sal wees nie.

Daar moet onthou word dat die MRCC 'n arm kerkie is. Die lidmate woon hoofsaaklik op die platteland en in armoedige woonbuurte. Die kinders word blootgestel aan swak skoolonderrig, en daarom is die kans skaars om teologiese studente te werf wat oor goeie matriekuitslae beskik. Wat AIM doen, is om potensiaal te identifiseer en om dit te ontwikkel. Met groot moeite word aan die karakters en intellek van jongmense gewerk wat nie goeie klere het nie, nie oor eie voertuie beskik nie en dikwels 'n gedeelte van die R400 per maand wat hulle vir kos ontvang, huis toe stuur om boeties en sussies aan die lewe te hou. Ons is dus nie besig met die suksesverhaal van akademiese sterre nie – maar dalk het die Kind wat in die stal gebore is waardering vir ons poging om kromme minder krom te maak.

Erkenning vir besondere prestasie

Vier persone ontvang tydens die openingsgeleentheid van die 69ste AKV ere-toekennings.

Prof Jimmie Loader en dr Fanie Pretorius ontvang die HCM Fourie-erepenning van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding. Die Erepenning vir Besondere Dienslewering word deur die Kommissie van die AKV toegeken aan mnr Manie Dreyer (postuum) en Kobus Viljoen.

Doktorsgrade toegeken

Drie van die Hervormde Kerk se predikante het gedurende September hul doktorsgrade ontvang van die Universiteit van Pretoria.

Dr André Ungerer, Gemeente Klerksdorp-Doringkruin

In sy proefskrif *Die verband tussen gemeentebouprosesse en missionale gemeentewerk: 'n Praktiese-teologiese studie*, dui dr Ungerer aan dat gemeentes wat gestruktureerde gemeentebouprosesse deurloop het, missionaal meer suksesvol is as gemeentes wat geen gestruktureerde proses deurloop het nie.

Dr Robert Jones, Gemeente Kriel

Dr Jones se proefskrif *Die vorming van 'n eietydse ampsbegrip: Jesus se oproep tot dissipelskap*. gebruik Jesus se oproep tot dissipelskap in Markus 8: 34 as vertrekpunt vir die vorming van 'n eietydse ampsbegrip. Die wesenlike van Jesus se oproep tot dissipelskap is 'n oproep tot diensbaarheid teenoor God en medemens. In die regte verstaan van die amp is daar nie plek vir 'n strewe na mag, 'n hiërargie of selfgesentreerdheid nie.

Dr Hein Delport, Gemeente Krugersdorp

Vanuit 'n postfundamentalistiese navorsingsraamwerk is die liminale ruimte aangewend vir inkongruensie tussen predikant en lidmaat in die Hervormde Kerk. Twee modelle word voorgestel in 'n narratiewe navorsingsmetodologie, naamlik die *dans van vrede* en die *liminale hangbrug van genade*, as 'n verbeelde toekomsverhaal vir die vasgeloopte verhale van deelnemers aan hierdie navorsing.